# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,30 | Donderdag 15 Maart 1990 | WINDHOEK | Thursday 15 March 1990 | No. 5912


INHOUD:

*Bladsy*

**AG. GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**


No. AG. 21 Amptelike erkenning van plekname 2

No. AG. 22 Aansoeke dat 'n gedeelte van plaaspad 254 gesluit moet word: Distrik Karasburg 2

No. AG. 23 Aansoek dat 'n gedeelte van plaaspad 2451 gesluit moet word: Distrik Otjiwarongo 3


**ALGEMENE KENNISGEWING**


No. 15 Munisipaliteit Karibib: Permanente sluiting van Publieke Oop Ruimte, Erf 331, Karibib 4


CONTENTS:

*Page*

**AG. GOVERNMENT NOTICES**


No. AG. 21 Official recognition of names of places 2

No. AG. 22 Application that a portion of farm road 254 be closed: District of Karasburg 2

No. AG. 23 Application that a portion of farm road 2451 be closed: District of Otjiwarongo 3


**GENERAL NOTICE**


No. 15 Municipality of Karibib: Permanent closing of Public Open Space, Erf 331, Karibib 4


## A G. Goewermentskennisgewings

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

## A G. Government Notices

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. AG. 21 1990

### AMPTELIKE ERKENNING VAN PLEKNAME

Hierby word vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur-generaal ondergemelde name van sentrums, geleë op die geografiese kaartverwysings daarteenoor aangedui, bekragting het en dat daardie name voortaan amptelike erkenning geniet vir gebruik as plekname:

| | | |
|---|---|---|
| Anker | 19°48'S | 14°32'O |
| Auasblick | 22°35'S | 17°06'O |
| Hakahana | 22°31'S | 17°02'O |
| Linyanti | 18°04'S | 24°01'O |
| Wachtkuppe | 23°02'S | 17°52'O |

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. AG. 21 1990

### OFFICIAL RECOGNITION OF NAMES OF PLACES

It is hereby make known for general information that the Administrator-General has confirmed the names of centres mentioned below, situated at the geographic mapreferences indicated opposite to it and that those names shall henceforth be officially recognised for use as place names:

| | | |
|---|---|---|
| Anker | 19°48'S | 14°32'E |
| Auasblick | 22°35'S | 17°06'E |
| Hakahana | 22°31'S | 17°02'E |
| Linyanti | 18°04'S | 24°01'E |
| Wachtkuppe | 23°02'S | 17°52'E |

## DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 22 1990

### AANSOEK DAT 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 254 GESLUIT MOET WORD: DISTRIK KARASBURG

Ingevolge artikel 16(3) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat aansoek by die Voorsitter van die Padraad van Karasburg gedoen is dat die gedeelte van plaaspad 254 wat in die Bylae beskryf en deur die simbole A-B op sketskaart P1437 aangetoon word, gesluit moet word.

'n Afskrif van hierdie kennisgewing en genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad waarop die aansoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Karasburg, ter insae beskikbaar wees.

## DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 22 1990

### APPLICATION THAT A PORTION OF FARM ROAD 254 BE CLOSED: DISTRICT OF KARASBURG

In terms of section 16(3) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that application has been made to the Chairman of the Roads Board of Karasburg that the portion of farm road 254 described in the Schedule and shown on sketch-map P1437 by the symbols A-B, be closed.

A copy of this notice and the said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the road to which the application refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned below lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Karasburg, during normal office hours.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde aansoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1437) op die gemeenskaplike grens van die plase Gedeelte 4 van Lovedale 32 en die Restant van Lovedale 32 algemeen noordweswaarts en al meer noord-noordweswaarts oor laasgenoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P1437) op grootpad 25 op laasgenoemde plaas.

Every person having any objection to the above-mentioned application is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication of this notice.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1437) on the common boundary of the farms Portion 4 of Lovedale 32 and the Remainder of Lovedale 32 generally northwestwards and more and more north-northwestwards across the last-mentioned farm to a point (B on sketch-map P1437) on trunk road 25 on the last-mentioned farm.

---

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 23 1990

AANSOEK DAT 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 2451 GESLUIT MOET WORD: DISTRIK OTJIWARONGO

Ingevolge artikel 16(3) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat aansoek by die Voorsitter van die Padraad van Otjiwarongo gedoen is dat die gedeelte van plaaspad 2451 wat in die Bylae beskryf en deur die simbole A-B op sketskaart P1438 aangetoon word, gesluit moet word.

'n Afskrif van hierdie kennisgewing en genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad waarop die aansoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Otjiwarongo, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde aansoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 23 1990

APPLICATION THAT A PORTION OF FARM ROAD 2451 BE CLOSED: DISTRICT OF OTJIWARONGO

In terms of section 16(3) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that application has been made to the Chairman of the Roads Board of Otjiwarongo that the portion of farm road 2451 described in the Schedule and shown on sketch-map P1438 by the symbols A-B, be closed.

A copy of this notice and the said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the road to which the application refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned below lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Otjiwarongo, during normal office hours.

Every person having any objection to the above-mentioned application is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads

van publikasie van hierdie kennisgewing by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1438) op hoofpad 1, seksie 7, op die plaas Slagveld 158 algemeen oosnoordooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P 1438) op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en die plaas Okateitei 157.

Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication of this notice.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1438) on main road 1, section 7, on the farm Slagveld 158 generally east-north-eastwards across the said farm to a point (B on sketch-map P1438) on the common boundary of the said farm and the farm Okateitei 157.

---

## Algemene Kennisgewing

No. 15 1990

MUNISIPALITEIT KARIBIB

Permanente Sluiting van Publieke Oop Ruimte, Erf 331, Karibib.

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepaling van Artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie nr 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Karibib van voorneme is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op plan KAR/3/90 wat gedurende kantoorure in die Munisipale Kantore van Karibib, ter insae lê, permanent te sluit.

PUBLIEKE OOP RUIMTE, ERF 331, KARIBIB

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Artikel 183(3) van bogemelde Ordonnansie binne dertig (30) dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Ontwikkelingsbeplanning, Privaatsak 13289, Windhoek, en die Stadsklerk, Posbus 19, Karibib, bestel word.

G S DE BRUIN
STADSKLERK

## General Notice

No. 15 1990

MUNICIPALITY OF KARIBIB

Permanent closing of Public Open Space, Erf 331, Karibib.

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance no 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Karibib proposes to close permanently erf 331, as indicated on plan KAR/3/90 which lies for inspection during office hours at the Municipal Offices of Karibib.

PUBLIC OPEN SPACE, ERF 331, KARIBIB

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Authorities and Development Planning, Private Bag 13289, Windhoek, and the Town Clerk, PO Box 19, Karibib, within thirty (30) days after the appearance of this notice in accordance with Article 183(3) of the above Ordinance.

G S DE BRUIN
TOWN CLERK